## WIE IS SAMELKO?

Samelko is in Maart 1999 gestig en as 'n primere landboukooperasie geregistreer wat deur sy lede bedryf word. Die organisasie is by uitstek 'n suiwelprodusente-organisasie wat verbind is tot die ondersteuning van sy melkprodusente in hoofsaaklik die Wes- en Oos-Kaap. Samelko verteenwoordig lede se belange by 'n aantal gevestigde asook nuwe Suid-Afrikaanse melkkopers. Die organisasie het ten doel om deurlopend 'n meded ingende en winsgewende melkomgewing vir melkprodusente te help skep.

## AGTERGROND

Die plaaslike suiwelbedryf bly een van die mees uitdagende sektore in die Suid-Afrikaanse landboubedryf. Voortdurende blootstelling aan verskeie makro-ekonomiese en omgewingsfaktore het toenemend 'n invloed op die produksie, gehalte en winsg ewendheid van hierdie bedryf.

Die impak van hierdie veranderlikes word in die komplekse samestelling van die melkprysstrukture weerspieel. Die diversiteit en kompleksiteit van hierdie prysstrukture lei dikwels tot onsekerheid by melkprodusente, sowel as wantroue in die gebrek aan deursigtigheid wat met die bepaling van melkpryse gepaard gaan. Die gebrek aan 'n gestandardiseerde melkprysstruktuur en beste praktykbedryfsnorme bied 'n uitdaging aan produsente wat dikwels nie toegang het tot die nodige hulpbronne om die ingewikkelde prysstrukture van verskillende instansies te vergelyk en by veeleisende prysonderhandelinge met kopers betrokke te raak nie.

## WAT DOEN SAMELKO?

Samelko vervul die rol van bona fide verteenwoordiger van sy lede (melkprodusente) wat tot prysonderhandelinge toetree en potensiele alternatiewe melkkopers vir sy lede identifiseer. Aangesien die melkprys 'n primere rol speel in die win sgewendheid en volhoub aarheid van die plaaslike suiwelbedryf, is Samelko deurgaans in gesprek met gevestigde sowel as nuwe plaaslike melkkopers om markverwante melkpryse te beding.

Samelko het toegang tot omvattende inligting oor die samestelling van die onderskeie melkkopers se prysstrukture en melkleweringseenkomste. Lede word op 'n gereelde grondslag van relevante inligting voorsien wat hulle in staat stel om akkurate vergelykings te tref en ingeligte besluite te neem.

Op grond van die kooperasie se statuut het Samelko 'n mandaat om ten tye van regsdispute as verteenwoordiger van sy lede op te tree namens sy lede regsadvies in te win.



## TEGNIESE BYSTAND


Samelko verteenwoordigers skakel gereeld formeel asook informeel met lede om elkeen se melktoetsuitslae en melkstate te monitor en toe te sien dat dit aan die betrokke lid se melkleweringsooreenkoms voldoen.

Samelko se tegniese afdeling neem ook melkmonsters wat by geakkrediteerde laboratoriums getoets word. Indien melktoetsuitslae enige afwykings sou toon, sal die tegniese adviseur aanbevelings doen ten opsigte van moontlike ingrypings om hierdie afwykings so gou moontlik reg te stel. Samelko gee bystand aan lede ten opsigte van die evaluering van daaglikse variasie van gehalte uitslae deur middel van 'n model wat hiervoor ontwikkel is.



SAMELKO SAMILCO

JOU STEM IN DIE
**SUIWELBEDRYF**
WWW.SAMELKO.CO.ZA




## STRUKTUUR

Samelko word bestuur en geadministreer deur 'n direksie wat die organisasie se hele bedieningsgebied verteenwoordig. Alie direkteure is primere melkprodusente en word vir 'n termyn van drie jaar aangestel.

Die organisasie se aktiwiteite word gefinansier deur 'n heffing van 0,2% van die lede se netto inkomste uit melkverkope. Samelko se administratiewe kantoor is in Durbanville gelee.

Die voltydse personeel bestaan uit 'n hoofbestuurder, kantoorbestuurder en 'n tegniese bestuurder. Laasgenoemde is verantwoordelik is vir interaksie met lede, tegniese ondersteuning en bemarking.



## KONTAKBESONDERHEDE

**Hoofbestuurder:**
André du Toit van Heerden
Sel: 083 206 4440

**Kantoorbestuurder:**
Dalene de Goede
Sel: 082 744 7777

**Posadres:**
Posbus 4442
Durbanville 7551

23 Dirkie Uys Straat
Bredasdorp
7280

**Tegniese Bestuurder:**
Henk Smit
Sel: 076 606 2900

**www.samelko.co.za**
**melk@samelko.co.za**
**021 975 4223**



# Verbind tot die ondersteuning van melkprodusente in die Wes- en Oos-Kaap